

4 April

Skrifgedeelte: Lukas 22:1:13
Fokusgedeelte: Lukas 22:1-6

God bestuur die kwaad ten goede

Bo alles staan God. Hy voltrek sy plan. Wat die Satan doen buig, en bestuur Hy vir sy doeleindes – vir die koms van sy koninkryk – en bose planne kan dit nie verhinder nie.

Wat die Satan beoog het, was boos. Hy wou die Seun van God uit die weg ruim. Wat in Judas se hart opgekom het, was boos. Maar God sit deur hierdie bose optrede die wiele aan die rol vir die volmaakte offer wat Satan se houvas op sy kinders sou breek. Die loskoopprys vir God se kinders moes deur die Seun betaal word. En die transaksie begin deur die optrede van die gefrustreerde dissipel wat sy rug op die Here keer.

Ons vrees dikwels oor waarheen ons eie swakhede ons kan lei. Tereg ook so, want ons kan nooit te gerus wees oor die magtige invloed van ons ou sondige natuur nie. God staan egter nog bó dit alles. Hy wil nie die kwaad nie, maar bestuur wel die kwaad vir sy doeleindes. Hy gebruik ook ons foute om ons in nederigheid en ootmoed en afhanklikheid te vorm.

Sing: Psalm 93:1-4

Ds PA Odendaal (Evander)